PIETER W. GROBBELAAR (red.)
*Abel Coetzee en sy rubriek 'Waar die volk skep'. Vroeë Afrikaanse volkskultuur*
Stellenbosch: Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde
1994
331 pp.
R79,00
ISBN 0-620-18752-2

Hierdie publikasie is 'n bundeling van stukke oor die volkskultuur wat Abel Coetzee van 1938 tot 1944 in sy rubriek 'Waar die volk skep' in *Die Brandwag* opgeneem het. Dat hy daarin geslaag het om die rubriek vir meer as ses jaar aan die gang te hou, moet grotendeels daaraan toegeskryf word dat die lesers geesdriftig op Coetzee se beroep om kultuurstof vir opname aan hom te stuur, gereageer het. Só het kostelike inligting aangaande die volkskultuur vir die nageslag behoue gebly.

Abel Coetzee (1906 - 1975) het twee proefskrifte geskryf, naamlik *Die opkoms van die Afrikaanse kultuurgedagte aan die Rand* (Universiteit van die Witwatersrand, 1936) en *Die Afrikaanse volksgeloof* (Universiteit van Nijmegen, 1938), en was van 1947 tot 1966 professor in Afrikaanse Taal- en Volkskunde aan die Universiteit van die Witwatersrand. Coetzee was in 1943 'n stigterslid en eerste voorsitter (1943 - 1973) van die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, asook die eerste redakteur (1944 - 1973) van die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, lyfblad van die Genootskap. Coetzee was dus die ideale persoon om die gemelde rubriek in *Die Brandwag* te behartig.

Soos dit met rubrieke gaan waarvoor lesers bydraes instuur, was ook 'Waar die volk skep' 'n ware potpourri van alles en nog wat rondom die volkskultuur. Gelukkig vir die Volkskunde, het Pieter W. Grobbelaar, pasafgetrede hoof van die Departement Afrikaanse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch en voorste volkskundige in Suid-Afrika, besluit om hierdie bundel saam te stel en het hy in dié proses 'n logiese orde geskep, wat die inligting vir die navorser en gewone leser net soveel toegankliker en

verteerbaarder maak.

Die bundel is in 'n agtal groot afdelings verdeel, met onder elke afdeling 'n verdere logiese verdeling in subopskrifte wat met mekaar in verband staan. Die eerste afdeling handel oor kultuur, met daaronder 'n omskrywing van begrippe soos volkskultuur, volk en die skepping en herskepping van kultuur. Daarna volg 'n afdeling oor die lotstye in die lewe van die mens, naamlik geboorte, huwelik en dood. Onder die afdeling wat oor volksgeloof handel, word onder meer alledaagse bygelowe, towenaars, slanggelowe, kinderskrikke, Antjie Somers en Tokkelossie bespreek. Onder volksgeneeskunde kom die volksgeneser en geneeskrag uit die dierlike liggaam en die planteryk onder meer ter sprake. In die afdeling oor vertellings kom die volksverhaal in Afrikaans en sprokies aan die orde, terwyl die volgende afdeling die volksryme en -liedere behandel. Die laaste twee afdelings handel onderskeidelik oor raaisels en naamgewing, waaronder byname, spot- en osname onder meer aandag geniet. Aan die einde van die bundel gee dr. Willie Loots, die huidige voorsitter van die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde en redakteur van die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal*, 'n bondige, maar insiggewende lewenskets en waardering van Abel Coetzee. Enkele illustrasies deur die Russies gebore kunstenaar Victor Ivanoff wat destyds in *Die Brandwag* verskyn het, is ook in die bundel opgeneem.

Die bundel is 'n kosbare bron van inligting oor die volkskultuur van veral die landelike Afrikaner voordat sy grootskaalse verstedeliking teen die middel van die twintigste eeu plaasgevind het. Die rubriek 'Waar die volk skep' het meestal uit die geheue van die volksmens geput en die bundel wat op 'n geordende wyse uit daardie rubriek saamgestel is, het dus 'n aangename volkse en aardse karakter behou wat deur die volkskundige, die kultuurhistorikus en Jan en alleman waardeer sal word.

Hierdie bundel, wat by geleentheid van die halfeeufees van die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde, deur dié Genootskap in 'n gelamineerde sagteband uitgegee is, verdien 'n plek op die huisbiblioteekrak van elkeen, geleerd en ongeleerd, wat in die volkskultuur belangstel.

O.J.O. FERREIRA
*Universiteit van Pretoria*